*Donderdag* **9 Januarie**

**Skrifgedeelte: Job 1:1-22 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Job 1:21**
**Loof die Here midde-in jou nood!**

Nood, swaarkry en trauma is nie vreemd aan ons tyd nie. Daar is baie mense met soveel pyn, hartseer en swaarkry in hulle lewens. Dikwels is die teëslae verpletterend en dit voel of jou wêreld ineenstort.

Kyk in ons Skrifgedeelte hoe die rampe Job een na die ander tref en sy reaksie daarop. Hy het sy klere geskeur, sy hare afgeskeer (tekens van rou) en op die grond gaan lê met die woorde: "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die naam van die Here" (Job 1:21).

Hierdie geskiedenis leer ons 'n paar waarhede. "Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit." Die "plankjas" wat ons "aantrek" met ons vertrek het nie sakke nie. Jy kan niks van jou geld en jou goed saamneem nie. Belê eerder in jou verhouding met God in Jesus Christus. Niks kan jou rykdom in Jesus Christus steel of waardevermindering laat ondergaan nie.

Job bely – alles wat hy besit het, was 'n gawe van God. God het die eiendom net aan hom geleen. "Die Here het gegee en die Here het geneem." God het die reg om met sy eiendom te doen wat Hy wil.

Job het God nie aanbid omdat die Here hom met soveel kinders en rykdom geseën het nie. (Dit was Satan se aanklag voor God.) Job het God liefgehad vir Wie Hy is en nie vir wat God vir hom gedoen het nie. Hoekom is jy vir die Here lief?

Daarom kon Job binne sy trauma uitroep: "Prys die Here!" Want die trauma het geen negatiewe uitwerking op Job se liefde vir God gehad nie.

*Sing: Psalm 34-1:1*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*